OPENINGSLES: WELKOM!!!

DOEL: Om elkeen te laat welkom voel, deel voel van die groep

KERNGEDAGTE: Ek is altyd WELKOM! By God

KERNVERS: Psalm 84:11
"Een dag in U tempel is beter as 'n duisend daarbuite."

HULPMIDDELS:
Groot Lap banier/Plakkaat met jul groep se naam;
Papierbord vir elke kind; Skryfding vir elke kind;
Lapverf en kwaste

LIEDJIES: Soek liedjies wat bekend is vir jou groep kinders

YSBREKER: AFSPRAKE

Gee aan elke kind 'n papierbord en 'n skryfding. Gee hulle dan die kans om vir hulleself 'n horlosie gesig met al die nommers in, voor op die papierbord te teken.

Elke kind het dan 5 minute om sy bord vol name te maak deur afsprake met mekaar te maak. Bv. As ek na Susan toe gaan en ek skryf haar naam in by 3 uur, dan moet sy my naam ook op haar bord by drie uur invul. Gee die kinders kans om vir elke uur 'n ander afspraak met 'n kind te maak. Moedig hulle aan om twaalf mense se name neer te skryf van mense wat hulle nie goed ken nie.

Die aanbieder het dan die kans om 'n getal uit te roep. Bv. 8 uur. Die persone wat dan 8 uur 'n afspraak met mekaar het, moet dan bymekaar gaan sit en vir mekaar die volgende paar vrae vra:
1.Wat is jou naam en van?
2.Wat is jou gunsteling kos?
3.Hoe oud is jy?
4.Het jy enige broers of suster?
5.Wat hou jy van om te doen?
6.Wat is die ding wat jou die kwaadste maak?
7.Het jy troeteldiere en wat is hulle name?

Enige vraag kan ekstra bygevoeg word wat julle graag wil vra. Indien die kinders by die 8 uur afspraak klaar gesels het, skree dan die volgende uur uit bv. 12 uur. Herhaal die speletjie 'n paar keer sodat die kinders kan kanskry om mekaar beter te leer ken. Jy hoef nie al die afsprake op die bord uit te roep nie. Hou jou groep dop en stop die speletjie wanneer jy sien hulle begin moeg word daarvoor.

BOODSKAP:

Wie van julle weet hoekom ons elke week hier bymekaar gaan kom? Ja, om meer van God te leer, maar ook om as klomp maats wat die Here ken, saam te kuier. God wil nie hê ons moet alleen wees nie. Ons het nou die speletjie gespeel waar elkeen die kans gehad het om afsprake te maak met mekaar en dan sommer bietjie saam te kuier.

Weet jy wat. Net soos wat ons afsprake gemaak het met mekaar, het God eintlik 'n afspraak gemaak met jou! Hy het gesê dat hy jou elke week .....(Noem tyd en plek van julle byeenkoms) hier sal kry sodat jy Hom ook beter kan leer ken deur al die Bybelstories wat die tannies/ooms hier gaan vertel. Jy moet net kom.

Lees Psalm 84:11 vir hulle.
(Vertel vir die kinders meer van hoe julle program gaan lyk vir die jaar en wat julle alles by julle byeenkoms gaan doen om vir God en mekaar ook beter te leer ken.)

AKTIWITEIT:

Maak 'n groot plakkaat of lapverf banier met julle groep se naam op. Laat die kinders dan die kans kry om elkeen hulle naam op die banier te kom skryf as teken dat hulle deel is van die groep. Elke keer as daar dan deur die jaar 'n nuwe kind inkom, moet hulle ook die kans kry om hulle naam daar op te skryf, al kom kuier hulle net eenkeer.

GEBED:

Laat kinders vir God dankie sê vir 'n plek en maats waar hulle vir God beter kan leer ken.